

## GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE – SONDAG 11 SEPTEMBER 2016 – AANDDIENS.

### **Sing vooraf staande:** Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (Sb 18)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,  
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,  
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.  
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: dié juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;  
en dra my las: dié las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

### **Amen.**

### Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,  
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,  
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

### Gebed

### Psalm 32:1, 4 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyf.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,  
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.  
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,  
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

**Skriflesing:** Psalm 32; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 13

**Kernvers:** Psalm 32:1a, 8

**'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing.**

**Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek  
wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

(Psalm 32:1a, 8 AFR53)

### **Dordtse Leerreëls**

### **Hoofstuk 5, Artikel 13**

*Wanneer die vertrouwe in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde  
weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die vroomheid nie  
maar eerder 'n baie groter besorgdheid om nougeset die paaie van die Here te bewaar.  
Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die  
sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende  
God – waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die verberging  
bitterder as die dood is – nie weer weens hulle misbruik van sy vaderlike goedheid van  
hulle afgewend word en hulle só in swaarder gemoedskwellings verval nie.*

### **'n Verduideliking by artikel 13**

Aan die hand van hierdie vyfde hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls het ons nou al agtergekom dat gelowiges nog nie volmaakte mense is nie. Hulle het in hierdie lewe nog 'n sondige natuur wat veroorsaak dat hulle swak is en ook nog geneig is om sonde te doen. Omdat gelowiges nie altyd so waaksaam is as wat hulle behoort te wees nie en soms so waaghalsig met hulle lewens is, gebeur dit dat hulle dan in swaar en gruwelike sondes val.

Deur hierdie sondes haal hulle vir hulleself bittere gevolge op die hals. Hulle vertoorn God verskriklik, bedroef die Heilige Gees en verdien die dood as gevolg van hulle opstand teenoor die Here. Maar God se barmhartigheid is oneindig groot en sy besluit om hulle uit te verkies is onveranderlik. Daarom bewaar God in hulle sy onverganklike saad – dit is sy Woord – waaruit hulle wedergebore en Hy vernuwe hulle weer deur sy Woord en Gees. Alhoewel die gelowige in sonde val, val hy nie uit die Here se hand en genade nie.

God sal beslis nie toelaat dat sy mense wat Hy uitverkies het en wat deur Jesus Christus verlos en wat deur die Heilige Gees wedergebore is, van Hom vervreem raak nie. Nie Satan nie en ook nie die sonde sal die uitverkorenes uit God se hand kan ruk nie. Vir die ware gelowiges is hierdie bewaring van God vir hulle 'n groot troos. En omdat die ware gelowiges seker kan wees dat God hulle so sal bewaar, gee dit vir hulle nog meer rede om nederig by die Here te bly en Hom hoe langer hoe meer te gehoorsaam.

Tog is daar al van die vroegste tye van die kerk se bestaan af mense wat hierdie bewaring van gelowiges anders wil verstaan. Volgens hulle gee hierdie sekerheid van die Here se bewaring vir die mens net groter geleentheid om sonde te doen. Indien 'n mens net met menslike insigte hierna kyk, klink dit baie logies. God verseker dat sy uitverkorenes nooit verlore sal gaan nie. Daarby belowe Hy ook nog om sy gelowiges uit die sonde uit op te tel waarin hulle geval het. Daarom dink die moedswillige mens beteken dit dat die gelowige maar kan dink dat hy die vryheid het om weer sonde te doen, want die Here sal hom mos weer op tel en vergewe.

Hierdie menslike logika is egter ver van die waarheid wat die Here aan ons openbaar. Iemand wat eenkeer hard en diep van 'n hoë afgrond afgeval het en gered is sodat hy nie gesterf het nie, gaan beslis nie 'n tweede keer naby aan die afgrond loop nie omdat hy dink hy sal weer gered word nie. Hy gaan eerder so ver as moontlik van die rand van die afgrond af wegbly. Die gelowige wat uit sy sonde uit opgetel is en deur God vergewe is, is baie versigtiger in die toekoms. Hy is meer waaksaam om op die paaie van die Here te bly.

Hy weet immers hoe moeilik en bitter dit was toe hy homself in die sonde begewe het. God het sy aangesig van hom af weggedraai. Waar die gelowige voor sy sondeval die seën en genade van die Here ongehinderd beleef het, het die Here sy seën in die tyd van sy sondeval teruggetrek en dit was slegter as die dood self. Nou dat die Here weer sy aangesig oor hom laat skyn, wil hy nie die Here se vaderlike goedheid misbruik en in dieper ellende beland nie.

**Tema:** Maak God se genade 'n mens losbandig of gehoorsaam

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit is verstommend hoe moedswillig die mens kan wees. Die mens wat homself wil verneder voor die aangesig van die Here en hom bekeer nie, sal elke moontlik skuiwer gat soek om sy eie misdade aanhoudend te verdedig. Ook die mense wat hulle nie wil onderwerp aan die waarheid van die Here se Woord nie, sal

die woorde van die Here verdraai om sy eie siening van sake te handhaaf.

In die tyd toe Paulus die evangelie van Jesus Christus verkondig het, was daar al sulke moedswillige mense. In sy brief aan die Romeine stel Paulus vir Adam en die gevolge van sy misdaad teenoor Christus en sy weldaad. Deur een mens – dit is Adam – het die sonde in die wêreld gekom en die gevolg was dat die dood deurgedring het tot alle mense, want almal is sondaars. Daarteenoor het die genade van God deur Christus in die wêreld ingekom en deur sy dood aan die kruis het daar regverdiging gekom vir baie mense. En dan skryf Paulus hierdie woorde: **Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword** (Romeine 5:20 AFR53).

En kyk nou net watter onverantwoordelike ding mense doen wanneer hulle net hierdie woorde in vers 20 onthou en dit nie saam met die res van die verkondiging lees en verstaan nie. Sonder om die Heilige Gees te vra wat hierdie woorde eintlik sê, hak hulle af sê: Hoor jy daar! As jy by die Here baie genade wil ontvang, moet jy meer sonde doen, want daar staan dan geskryf **waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword**.

Die Heilige Gees weet dit is hoe mense redeneer. Daarom het Hy vir Paulus gelei om sommer aan die begin van Romeine 6 die regstelling vir hierdie moedswillige mense te gee. Aan die begin van Romeine 6 staan daar geskryf: **Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?** (Romeine 6:1-2 AFR53).

Iets van hierdie moedswilligheid kom ons ook teë by die dwaalleraars van die sestende en die sewentiende eeu. Hulle sê: As God die mens dan uitverkies het vir die ewige lewe en Hy Homself deur sy eie besluit daartoe verbind is om hierdie mens weer te herstel wanneer in sonde geval het, sal hierdie uitverkore mens nie baie hard probeer om teen die sonde te stry nie. Hy weet mos die Here sal hom elke keer weer uit sy sondeval uit optel. Daarmee het die dwaalleraars gesê dat die leer van die volharding wat die gereformeerdes glo mense die reg gee om losbandig te lewe. Omdat hy seker is dat hy uitverkies is, kan hy maar sondig soos wat hy wil, die Here sal hom elke keer weer vergewe.

In reaksie op hierdie dwaling bely ons: **Wanneer die vertrouwe in die volharding weer lewendig ... maak dit nie dat die gelowiges sorgeloos word oor hulle lewe of die vroomheid verwaarloos nie. Hulle word eerder baie meer besorg om nougeset die paaie van die Here te bewaar. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding.** Met ander woorde, die ware kind van God is is na so 'n herstel in sy verhouding met die Here baie versigtiger en nougeset om te doen wat die Here van Hom verwag.

'n Stapper wat dit te na aan die rand van die afgrond gewaag het en teen die afgrond afgetuimel het, gaan mos nie nadat hy gered is dit weer so naby aan die rand van die afgrond waag nie. Hy gaan baie meer versigtig en waaksaam wees. Hy onthou mos hoe seer hy gekry het. 'n Volgende keer is hy miskien so gelukkig soos nou nie.

'n Ware gelowige wat in sonde geval is, maar deur die Here weer opgetel is en herstel is in sy verhouding met die Here gaan nie weer hand om die lyf met daardie selfde sonde loop nie. Hy gaan eerder so ver as moontlik weg bly van daardie sonde en die plekke waar hy weet hy vir daardie sonde kan val. Hy weet immers hoe kwesbaar hy. En die oneindige

genade wat die Here aan hom betoon het deur hom uit die sonde op te tel en te herstel, dring hom om dringend te bid: Vader, laat my nie in die versoeking kom, maar verlos my van die Bose.

Uit so 'n gelowige se mond sal jy baie maal hierdie woorde hoor: Here, ek is so swak dat ek nie een oomblik staande kan bly nie. My doodsvyande, die duiwel, die wêreld en my eie sondige natuur, hou ook nie op om my aan te val nie. Wil U my tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ek teen die vyande sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ek eindelijk die oorwinning volkome behaal.

Dit is immers presies wat die Here ons ook by my monde van Dawid in Psalm 32 leer. Dit is alom bekend dat Psalm 32 en 51 verbind word met Dawid en sy owerspel met Batseba en die moord op haar man. Oor die algemeen sê verklaarders dat Dawid Psalm 51 geskryf het kort na sy bekerinmg van daardie sondes. En nadat hy goed nagedink het oor wat die Here aan hom gedoen het, het hy ook Psalm 32 geskryf. In Hebreeus staan dié Psalm bekend as 'n *maskil*. Oor die vertaling van die woord *maskil* is daar verskille, maar uit die psalm kan 'n mens aflei dat dit met onderrig of onderwysing te doen het, soos wat dit in ons vertaling geskryf staan.

Vir baie lank – seker omtrent 'n jaar lank – het Dawid met hierdie sondes wat hy teenoor die Here met Batseba en haar man gedoen het doodstil gehou. Met bedrog het hy sy sonde en ongeregtheid voor die oë van mense bedek. Hy het ook gedink dat hy met sy bedrog dit kon regkry om sy oortreding teenoor die Here kon bedek, sodat die Here nie sou geweet het wat hy gedoen het nie.

Die vier woorde wat Dawid gebruik om sy misdaad te beskryf, staan nou na die tyd eintlik soos 'n spieël voor hom. Die Heilige Gees hou dit ook as 'n spieël voor elke gelowige kind van die Here wat in sonde geval het. Daar sien die gelowiges dat hulle eintlik rebeleer teen die Here, want hulle oortree sy bepalings en wette. 'n Gelowige wat hom besig hou met sy ongeregtheid is inderwaarheid besig om die waarheid van die Here se Woord te verdraai. Die doel waarvoor die Here hom geskep het en 'n kind van Hom gemaak het, mis hy met sy sonde heeltemal. In plaas daarvan dat hy die Here met sy hele lewe verheerlik en dien, veroorsaak hy met sy sonde dat ander mense ook die Here begin laster. En bedrog is die ding waarmee die mens dan probeer om sy oortreding, sonde en ongeregtheid toe te maak en dink dat niemand dit raaksien nie.

Inderwaarheid is bedrog soos 'n kombes wat te klein is om jouself heeltemal mee toe te gooi. As jou voete oop is, trek jy die kombes af om jou voete toe te maak, maar dan kom jy agter dat jou bo lyf nou koud kry, want die kombes kan nie orals toemaak nie. Met bedrog skarrel en spartel jy die heelyd om jou misdaad heeltemal toe te maak, maar jy kry dit nie reg nie. En buitendien kan bedrog nie 'n mens se misdaad geheel en al voor die oë van die Here bedek nie. Hy sien nie net om die bedrog nie. Hy sien dwarsdeur 'n mens se bedrog.

Dawid het dit besef op daardie dag toe die Here deur middel van die profeet Natan vir hom gesê dat hy die man is wat die misdaad gepleeg het. In Psalm 32 kyk Dawid terug en kom agter dat die Here nie eers op daardie dag van sy misdaad te wete gekom het nie. Die Here het al die tyd wat hy gedink het hy dit nog wegsteek, geweet wat in Dawid se lewe aan die gang is. Al daardie benoudheid wat hy beleef het, was die Here se swaar hand wat op hom gedruk het. Die Here het sy seën van Dawid onttrek. Dit was vir Dawid soos wat ons hier bely – die Here het sy aangesig vir Dawid verberg. En dit was baie erg vir

hom gewees.

Deur die swaar hand van die Here wat op hom gedruk en met die Here se woorde uit Natan se mond het die Heilige Gees vir Dawid gelei om sy skuld te erken en sy sondes teenoor die Here te bely. En dadelik het die Here sy sondes hom vergewe. Wanneer die gelowige uiteindelik daartoe kom om op te hou spartel om met bedrog sy sondes te bedek en in die bloed van Christus vergifnis by God smeek, beleef opnuut die genade van die Here. Die offer wat Christus gebring het is die enigste wat werklik 'n mens se skuld voor die oë van die Here volledig kan bedek.

Maar wat belangrik is om nou raak te sien, is wat Dawid en elke ware gelowige se ingesteldheid is wanneer hy hoor dat die Here sy sondes vergewe het. Dawid het nie net daar gedink: A Ha, die Here is goed en genadig. Hy vergewe 'n mens maklik, daarom kan ek nou maar weer met 'n ander vrou owerspel pleeg, nie.

Inteendeel, in hierdie psalm sê Dawid wat die Heilige Gees hom geleer het. Die Here wil vir Dawid leer en onderrig oor die pad wat hy moet bewandel – hoe hy moet lewe. Die Here wil vir hom raad gee en sy oog op Dawid hou sodat Hy kan sien dat Dawid regkry wat die Here hom leer.

Dawid is so dankbaar oor hierdie onderrig van die Here aan hom dat hy nie kan stilbly nie. Hy basuin dit aan die res van die volk uit. Hulle moet nie soos 'n perd of 'n muil wees wat jy met toom en tuig moet bedwing om naby jou te kom nie. Wees inskiklik en luister na die Here wanneer Hy jou onderrig. Dawid is gretig om ander mense te leer oor hoe hulle moet lewe, nie omdat hy dink hy is beter as hulle nie, maar omdat hy weet watter swaarkry 'n mens tref as jy dink jy kan die Here om die bos lei met jou sondes. Sy hand druk dan so swaar op jou dat jy dink jy gaan sterf. Dit is baie meer aangenaam as die Here sy oog op jou, want dan skyn sy aangesig oor jou. En die aangesig van die Here word met die seën van die Here verbind. As die Here se vriendelike aangesig oor 'n mens skyn dan beleef 'n mens die lewe vol vreugde en blydskap by die Here.

Die gelowige wat deur die Heilige Gees met die Woord gelei is om sy eie bedrog raak te sien en te erken dat hy God verskriklik vertoorn het met sy sonde en die Heilige Gees bedroef, soek weer in die bloed van Christus vergifnis en hy kry dit ook. Juis die besef van die duur prys wat Christus vir hierdie vergifnis van hom betaal het, dring hom om meer nougeset aan die Here se Woord te lewe. Hy is dan meer waaksaam oor hierdie sondes wat hom ook soveel pyn en hartseer besorg het omdat hy die Here vertoorn het. Deur die onderrig wat die Here aan hom gegee het in hierdie hele proses van bekering en vergifnis smeek, spoor hom aan om ook ander gelowiges by te staan in hulle worsteling om van die sonde in hulle lewens ontslae te raak.

Dit die mens wat ligtelik die vergifnis van die Here vir homself toe-eien omdat hy nie hartgrondige berou oor sy sonde gehad het nie. As hy hartgrondige berou oor sy sonde gehad het sou hy werklik tot besef gekom het watter leed hy die Here aangedoen het en hoe duur prys Jesus vir sy lewe betaal het. Wanneer ek en jy dan weer verlei word om hand om die lyf met die sondes te loop waaroor ons om vergifnis gesmeek het, moet ons onself afvra of ons werklik besef wat Christus aan die kruis vir ons gedoen het.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 116:7, 8, 10 (p. 570)

7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?

Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader  
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!

10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.  
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap  
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
11 September 2016